

7 September 2016 Pitkos

Op 10: 10

Hoe ernstig is jy régtig met die Woord?

Braam Krüger

As iemand jou sou vra: “Wat is die Bybel?” wat sou jy antwoord? Ek glo die meeste van ons sal sonder om te dink sê: “God se Woord”. Maar as dit God se Woord is, hoekom word dit nie gelees nie? Hoekom word daar nie gekonformeer aan die inhoud daarvan nie? (Hierdie stellings word deur navorsing bewys en is nie sommer net stellings nie!).

Ons is nogal lief daarvoor om oor die Bybel en oor God en oor ons medemens te praat, filosofer. Maar ons lewensparadigmas word nie daardeur gevorm nie. Redes hiervoor:

- Ons lees die Bybel as ‘n individualistiese boek wat eintlik net wil vertel hoe ek “gered” kan word.
- Ons lees die Bybel om ons voorveronderstellings te bewys. EK het jou gesê dit is sonde
- Ons lees die Bybel eklekties – ons wil sake daarmee bewys. Dit is soos om met ‘n gekleurde bril na die wêreld te kyk – alles blou of groen...
- Ons lees die Bybel om te hoor God is dáár vir ons – ‘n voorspoedsgodsdiens. Let op die Here se beloftes! Glo net, en jy sal kry wat jy wil hê! (Maar, bygesê, die Here gee inderdaad goeie dinge aan sy kinders, selfs in hulle slaap!).

So. Dit is die probleem. Wat is die oplossing? Kom ek verduidelik dit aan die hand van ‘n literêre en cinematologiese tegniek. Outeurs en regisseurs het ‘n manier om jou uit een wêreld na ‘n ander te vat. So soort van deur ‘n “black hole”. Soos Narnia se kinders in die kas, Peter Pan en geselskap wat deur die venster vlieg na Neverland en Alice in Wonderland wat deur die “rabbit hole” val na Wonderland. Eensklaps is jy verplaas na ‘n ander realiteit. Dít is wat die Bybel doen! Dit vat jou in God se Koninkryk in. Na ‘n toestand waar God regeer, waar Hy volkome Koning is, sonder enige teëstribbeling.

Jesus self sê dit is waaroor sy bediening gaan, en so sê Paulus ook oor sy bediening!

*...**Jesus** (het) na Galilea toe gegaan en die evangelie van God verkondig. ¹⁵Hy het gesê: “Die tyd het aangebreek, en die koninkryk van God het naby gekom. Bekeer julle en glo die evangelie.” (Mk 1: 15)*

*³⁰**Paulus** het ‘n volle twee jaar lank in die huis gebly wat hy gehuur het, en hy het almal ontvang wat hom kom besoek het. ³¹Hy het die koninkryk van God verkondig en die mense alles oor die Here Jesus Christus geleer (Hd 28: 30 – 31).*

Daarom kan jy nie die Bybel gebruik soos ‘n soort orakel-boek, waar jy jou vinger op ‘n versie druk, en só ‘n “boodskap” kry nie, maar moet jy die Bybel in sy konteks lees om die globale “storie van God” te kan verstaan. Of dan, die geskiedenis van God se koninkryk (His-Story).

Net soos mens 'n brief wat jou geliefde aan jou geskryf het nie stukkie-vir-stukkie, met 'n stukkie lees hier-en-daar (nie in volgorde nie) en oor 'n lang tydperke heen, lees nie, maar jy vat die brief en lees dit van voor tot agter – op een slag, nét so behoort mens die Bybel ook as geheel lees. En hulpmiddels gebruik om die kleiner gedeeltes (vers, paragraaf, perikoop, hoofstuk) binne die konteks van die geheel (Bybelboek, Ou- of Nuwe Testament, Bybel as geheel) te lees. As ons dit só lees, sien ons die volgende ses episodes in God se geskiedenis:

1. God skep die heelal. En die mens as die kroon van sy skepping. Om sy verteenwoordiger hier op aarde te wees. Om te bewoon, bewerk en bewaar!
2. Die mens kom in opstand. Hy wil nie 'n Koning hê nie, maar wil sy eie koning wees! Dit is die grootste ramp in die geskiedenis van die heelal.
3. God tree tussenbeide, deur Homself te openbaar, eers deur die aartsvaders, dan Israel, die profete, die offers, ens. (Hb 1: 1 – 2). Israel moes ook hierdie boodskap aan alle volke tale en nasies bring – Abraham was immers bedoel as 'n seën vir al die nasies! Hulle faal egter jammerlik.
4. God tree weer tussenbeide. Hy herskep as't ware. Deur sy Seun te stuur, wat Homself bewys as Koning deur die dood te oorwin. Die Satan se mag is gebreek. 'n Nuwe bedeling breek aan. Ons leef as dissipels van Jesus.
5. In hierdie nuwe bedeling word die kerk gebruik as draer van God se Evangelie aan hierdie wêreld. Dit is die hoofdoel van kerkwees! Dit is die rede vir sy bestaan.
6. Die laaste episode lê in die toekoms. Ons wag op Jesus se terugkoms, wanneer elke knie voor God sal buig.

Ons teksgedeelte praat van hierdie Woord van God wat soet in die mond is, maar jou ingewande bitter maak. Ja, die Bybel vertel 'n "mooi" storie van God se omgee, maar dit word bitter in jou ingewand wanneer jy besef: Dit beteken dat ek my eie koningskap moet opsê, en my lewe in God moet opgaan. Hoe ek 'n offer aan Hom word, en gedurig metamorfose ondergaan (Rm 12: 1 – 2). Jy kan nooit in gearriveerdheid terugsit nie! Ons is diensknegte in God se koninkryk, dit gaan alles oor Hom!!

Ek leef in Jesus en Hy in my!